24. Werkswyse tydens Sinode

24.1 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE BOSVELD: GEEN TYDSBEPERKING OP BESPREKING OOR SAKE WAAROOR 'N BUITENGEWONE NASIONALE SINODE AANGEVRA IS (Artt 13, 43)

A. Ds SA Cilliers stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Ordekommissie.
C. Ds PJ van Blerk rapporteer namens die Ordekommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Partikuliere Sinode Bosveld versoek die Nasionale Sinode om in die toekoms geen tydsbeperking te plaas op besprekings van die prinsipiële sake soos byvoorbeeld dié waaroor 'n Buitengewone Nasionale Sinode aangevra is nie.

Agtergrond
1. Die Partikuliere Sinode Bosveld het op sy vergadering van November 2003 besluit om 'n Buitengewone Nasionale Sinode aan te vra waar Beswaarskrifte kon dien teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 oor die gebruik van die Cloete-Psalmomdigtings in eredienste en insake die vrou in die amp van diaken.
2. In die motivering van die Beswaarskrifte word daar verwys na sake wat die wese van die kerk raak, soos leer, diens en tug. Hoewel geen ander Partikuliere Sinode ook 'n Buitengewone Nasionale Sinode opgeroep het nie, is dit duidelik dat die volledige saak nie deur almal behandel is nie.
3. Die verloop van Nasionale Sinodes het die afgelope jare heelwat ongelukkigheid meegebring vanweë die gejaagdheid na 'n sperdatum wat vasgestel is ongeag die inhoud van die Agenda wat deur die Sinode hanteer moet word. Die redes vir die sperdatum is bloot vanweë die beskikbaarheid van losies in die Universiteitskoshuise.
4. Bogenoemde reëling het al meegebring dat baie belangrike sake wat spanning en onsekerheid by kerke veroorsaak, op Sinodes afgejaag word. Tyd om dit weer eens te verwys en om dit deeglik te bespreek, is dan net nie beskikbaar nie.
5. 'n Sperdatum plaas ook die verwagting by Sinodegangers om huis toe te kan gaan ongeag van die hoeveelheid of belangrikheid van sake wat nog hanteer moet word. Daardeur is ook 'n ongeduld soms te bespeur in die hantering van sake.

Motivering
1. Die beginsel dat Christus deur sy Woord en Gees regeer, word gekortwiek deur tydsaanduidinge wat soos 'n valbyl toegepas word. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die wyse waarop Sinode 2003 die Minderheidsrapport oor die Psalmomdigtings hanteer het. Die omvang van die Rapport sou dit kon regverdig dat dit na 'n ander Kommissie verwys moes word wat dit behoorlik kon bestudeer.
2. Die orde tov tydsverloop van die vergadering, veral by prinsipiële sake, kan nie bloot op grond van minute, ure en dae vasgestel word nie, maar eerder of persone

wat deelneem in besprekinge nie herhaal nie en wel vanuit Skrif, Belydenis en Kerkorde sy bydraes maak. Met dit as duidelike ordereël is tyd ‘n minder belangrike saak.

E. RAPPORT VAN ORDEKOMMISSIE

1. Opdrag

1.1 Die Beskrywingspunt is na die Ordekommissie verwys om die Sinode hieroor te adviseer.

1.2 Die Beskrywingspunt is deurgepraat en die grootste probleem is dat alle sake en besluite in die GKSA op Skrif, Belydenis en Kerkorde geneem moet word en in die sin prinsipieel is.

1.3 Die Beskrywingspunt gee geen duidelike aanduiding van wat prinsipiële sake is nie.

1.4 Besprekings moet ten doel hê om mee te werk dat die vergadering gereed is om ‘n besluit te neem.

Aanbeveling

Aan die Beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie.

Besluit: Goedgekeur.

24.2 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE PRETORIA : GOEDKEURING VAN NOTULE IN GEHEEL (Art 71)

A. Ds GJ Meijer stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT
Die Partikuliere Sinode Bosveld versoek dat die Nasionale Sinode nie verdaag alvorens die Sinode die Notule in die geheel goedgekeur het nie.

Motivering
1. Kerkorde, art 34 veronderstel dat die Notule van 'n meerdere vergadering staande die vergadering geskryf en goedgekeur word. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Aangesien die vergadering by sluiting ophou om te bestaan, kan niemand anders die korrektheid van die Notule vasstel as die vergadering self, voordat dit sluit nie (vgl Spoelstra, Handleiding by die Kerkorde, p 218; GPL van der Linde, Die Kerkorde, p 139; B Spoelstra, Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, p 214; J Visser, Die Kerkorde in Praktyk, p 156-157).
2. Die Notule is die enigste gesaghebbende dokument waarop na afloop van die Sinode 'n beroep gedoen kan word. Die huidige prosedure om die goedkeuring van die laaste deel se notulering aan die Deputate oor te laat, is in die lig van KO, art 34 nie die beste werkswyse nie.

Aanbeveling
Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt.
Besluit: Goedgekeur.

24.3 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES – FREKWENSIE, DUUR EN PROSEDURE NASIONALE SINODE (Artt 72, 242, 286)

A. Dr CJ Smit stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Ordekommissie. Finansiële implikasies is na die Kommissie Finansies verwys.
C. Ds CCA Vrey rapporteer namens die Ordekommissie.
D. Ds W Vogel rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. BESKRYWINGSPUNT

1. Beskrywingspunt insake frekwensie en duur van Sinodes

1.1 Sinodes vergader voortaan al om die tweede jaar.
1.2 Sinodes handel die Agenda in ongeveer ses dae af.
1.3 Die Sinode bepaal wat die geskikste tyd van die jaar vir Sinodesittings is, met inagneming van alle praktiese probleme.

Motivering

1. Besluitneming en vinniger afhandeling van sake word deur ‘n vinniger tydsgewrig genoodsaak.
2. ‘n Hoër frekwensie van Sinodes kan bydrae tot die aktualisering daarvan deur gereelder, binne korter periodes, tersaaklike besluite te neem.
3. Elke tweede jaar sal ‘n kleiner Agenda meebring wat vooraf beter deur afgevaardigdes bestudeer kan word en wat oor ‘n korter tydspan afgehandel kan word.
4. Meer Sinodes sal ‘n vinniger beslegting van besware ten gevolg hê, veral waar dit oor ernstige sake gaan wat al die kerke raak.
5. Meer Sinodes sal volgens huidige berekening deur die Administratiewe Buro, vanweë die korter vergadertyd, nie ‘n noemenswaardige verhoogde kostestruktuur te weeg bring nie.
   [Twee Sinodes oor 6 jaar vir verblyf beloop R526 880 en vir reiskoste R158 076: totaal R684 956. Drie verkorte Sinodes oor 6 jaar vir verblyf beloop R474 192 en vir reiskoste R237 114: totaal R711 306. Drie verkorte Sinodes oor ses jaar sal volgens huidige berekeninge R26 350 meer kos, dit is R4 391 per jaar.]
6. ‘n Hoër frekwensie van Sinodes sal nie noodwendig ‘n Sinode-sentralisering ten gevolg hê nie, vanweë die gereelde Partikuliere Sinodes en Klassisse wat elkeen ook meer afhandelingsbevoegdheid van sake volgens KO, art 30 moet aanvaar.
7. Januariemaande is nie noodwendig die geskikste tyd vir Sinodesittings nie. ‘n Geskikter tyd met die oog op beter verteenwoordiging van voltyds werkende ouderlinge, veral in die lig van ‘n moontlike korter sittingstyd, sal vir die kerk tot voordeel wees.

2. Beskrywingspunt insake Sinodeprosedures

2.1 *Benoeming van Kommissies en Deputate vir die werksaamhede van die Sinode*
2.1.1 Die Programmeringskommissie word by wyse van een lid deur elke Partikuliere Sinode benoem.
2.1.2 Die Finanskommissie word by wyse van een predikant en een ouderling deur elke Partikuliere Sinode benoem.

2.1.3 Deputate vir Appèlle en Deputate vir Beswaarskrifte word respektiewelik deur die Sinode benoem met die mandaat om die volgende Sinode te adviseer en die reg om te koöpteer (vir die verkryging van kundigheid) oor alle sake wat in terme van KO, artt 31 en 46 ingedien word vir beslissing deur die Sinode.

2.2 *Werkswyse*

2.2.1 Deputaterapporte word vir direkte afhandeling in die Sinode gestel. Slegs waar nie direkte besluite geneem kan word nie, word die betrokke aangeleentheid na 'n aangewese Kommissie verwys. Alle verdere insette word by hierdie Kommissie gelewer, wat aanbevelings by dieselfde Sinode maak.

2.2.2 Die **Programmeringskommissie** vergader net voor die Sinode om te konstitueer en beplanning te doen om in die lig van 2.2.1 Kommissies te benoem.

2.2.3 Die **Finanskommissie** vergader voor die Sinode om te konstitueer en voer hulle opdrag voor en tydens die Sinode uit.

2.2.4 Die **Deputate vir Appèlle** en die **Deputate vir Beswaarskrifte** vergader respektiewelik voor die volgende Sinode wanneer ook al 'n Appèlsaak of 'n Beswaarskrif ingedien word, nadat al die tersaaklike dokumente deur die Deputate ontvang is. Die Deputate behandel die betrokke sake in terme van KO, artt 31 en 46 met inbegrip van alle relevante kerkregtelike beginsels soos deur Sinodes bepaal en lê hulle bevinding/uitspraak/besluit as advies aan die Sinode voor.

2.2.5 <u>Prosedure</u>

2.2.5.1 Die voorgestelde prosedure met betrekking tot Appèlle word gevolg met behoud van al die beginsels vir Appèlsake soos deur Sinode 1939 bepaal (Acta, 1939:144-145; Kerkordeboekie 1998:46,46) –
Behalwe 1.2 Kerkordeboekie 1998:45):
Op grond van hierdie grondbeginsels vereis 'n vrugbare prosedure dat, indien nodig, by die aanvang van 'n sitting van 'n meerdere vergadering (Klassis, Part sinode, of Generale Sinode), 'n spesiale Appèlkommissie benoem word; alle Appèlsake word dan na daardie Kommissie verwys, wat belas word om:
wat soos volg aangepas word:
Op grond van hierdie grondbeginsels is dit nodig om:
1.2.1 tot 1.2.3 bly onveranderd.

2.2.5.2 Die voorgestelde prosedure met betrekking tot Beswaarskrifte word gevolg met behoud van die Sinodebesluite van 1991:527,528 en 1994:53-55.

Motivering

1. 'n Meer vaartbelynde prosedure kan bydra tot bespoediging binne die vereistes van koste-effektiwiteit.
2. Die behandeling van Appèlle en Beswaarskrifte hoef dan nie meer oor te staan tot 'n drukgang tydens die volgende Sinode nie, maar kan tussendeur met behoorlike kundigheid en genoegsame tyd beoordeel word.
3. Die beginsels van reg en geregtigheid en goeie kerkregering kan beter gedien word op die voorgestelde wyse.

F. RAPPORT VAN DIE ORDEKOMMISSIE

1. Beredenering

1.1 *Beredenering by Beskrywingspunt insake frekwensie en duur van Sinodes*

Hierdie Beskrywingspunt spreek verskeie sake rakende die praktyk van Sinodes aan.Aan die een kant word sake vermeld wat positiewe oorweging verdien (vgl 1, 2 & 4 van die Motivering). Aan die ander kant is dit moeilik om te bewys dat elke twee jaar se Sinode noodwendig ‘n kleiner Agenda sal meebring (vgl 3 van Motivering). Daarbenewens is ‘n behoorlike kosteberekening nodig om te bewys dat die kostestruktuur nie noemenswaardig sal verhoog nie (vgl 5 van die Motivering).

Hierdie Beskrywingspunt verreken nie sake soos die Bestuur van die Administratiewe Buro of aanwys van Trustees nie. Dit is immers sake wat verband hou met of direk beïnvloed word deur elke Sinode. Korter termyne van die Bestuur en Trustees kan voortdurende opleiding van Lede of Trustees meebring en kan negatief op die kontinuïteit inwerk.

Hierdie Beskrywingspunt hou nie voldoende rekening met die beskikbaarheid van verblyf in Potchefstroom nie (vgl 7 van Motvering). Koshuisverblyf in Potchefstroom is net vanaf 01 Januarie tot hoogstens 15 Januarie vir die Sinode beskikbaar. Om die Sinode na egter ‘n ander sentrum te verskuif, sal verskeie logistieke probleme met betrekking tot die administratiewe sisteem meebring.

1.2 *Beredenering by Sinodeprosedures*

Sinodes volg vanaf 1976 tot 2003 ‘n bepaalde prosedure. Sinode 2006 het ‘n relatief klein wysiging aangebring. Deur die jare het hierdie werkswyse geyk geraak. Vinnige en ingrypende veranderings het egter die neiging om verwarring te veroorsaak. Sinode 2006 het reeds goedgekeur dat die te benoeme Deputate Nasionale Sinode ‘n werkbare metode aan die volgende Sinode moet voorlê om Appèlle buite die normale vergadertyd van die Sinode te behandel en af te handel.

2. Bevinding

Deur staande hierdie Sinode gevolg te gee aan die Beskrywingspunt sal vinnige en ingrypende veranderings meebring sonder om alle tersaaklike faktore en gevolge behoorlik in aanmerking te neem.

3. Aanbeveling

3.1 Daar word op die volgende wyse aan die Beskrywingspunt gevolg gegee:

3.1.1 Die te benoeme Deputate Nasionale Sinode/Programmering kry opdrag om ‘n volledige uitvoerbaarheidstudie te doen, met hierdie Beskrywingspunt as vertrekpunt en riglyn.

3.1.2 In hierdie uitvoerbaarheidstudie word die te benoeme Deputate Nasionale Sinode/Programmering geadviseer om ander kerke in Suid-Afrika en in die buiteland (met wie die GKSA ekumeniese eenheidsbande het) te nader vir advies en kundigheid.

3.1.3 Die te benoeme Deputate Nasionale Sinode/Programmering kry opdrag om, na bepaling van uitvoerbaarheid, die volgende Nasionale Sinode te adviseer oor frekwensie, samestelling, werkswyse en prosedures.

3.2 Met betrekking tot Appèlle en Beswaarskrifte: die Sinode herbewoord sy besluit soos volg:

Opdrag aan te benoeme Deputate Nasionale Sinode/Programmering:

3.2.1 Doen ondersoek na die moontlikheid en werkswyse van Deputate Appèlle en Deputate Beswaarskrifte met behoud van die beginsels vir Appèlsake (Acta 1939:144–145) en Beswaarskrifte (Acta 1991:527–528; Acta 1994:53–55).

3.2.2 In die ondersoek word die te benoeme Deputate geadviseer om by buitelandse kerke met wie die GKSA in ekumeniese eenheid is, navraag te doen oor hulle werkswyse (KO, art 85).

3.2.3 Adviseer die volgende Sinode oor die samestelling, werkswyse en en prosedures oor sodanige Deputate (genoem in 4.2.1) asook die praktiese prosedures en konsekwensies van Appèlle en Beswaarskrifte.

Besluit: Goedgekeur.

G. RAPPORT VAN FINANSIËLE KOMMISSIE

Aanbeveling

1. Die volgende Sinode word in 2009 gehou om saam te val met die 150-jarige bestaan van die GKSA.
2. Opdrag word aan die Bestuur van Administratiewe Buro gegee om die saak te ondersoek en te kyk na die praktiese en finansiële implikasies. Die ondersoek moet gedoen word in samewerking met die Deputate Programmering.

Besluit: Goedgekeur.

24.4 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES OOR DIE GEBRUIK VAN IN CAMERA GAAN (Artt 14, 16)

A. Ds W Vogel stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel

C. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode word versoek om in camera te gaan, nie net wanneer sake wat oor persone handel hanteer word nie, maar ook wanneer oor sensitiewe sake gehandel word.
Oor alle in camera sake kan die Sinode ‘n amptelike persverklaring daagliks uitreik.

Motivering
Die Beskrywingspunt is gegrond op die beginsel van KO, art 30.

Aanbeveling
Die Sinode gee op die volgende wyse gevolg aan die Beskrywingspunt:
Die Nasionale Sinode word daarop gewys dat die vergadering nie net in camera mag gaan wanneer oor persone gehandel word nie, maar ook in afsonderlike gevalle op spesiale versoek wanneer oor hoogs sensitiewe sake gehandel word.

Besluit: Goedgekeur.

24.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE PRETORIA – MEDIA (Artt 15, 16, 17)

A. Dr PH Heystek stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. BESKRYWINGSPUNT

1. Die media

1.1 Dat die Deputate van die Nasionale Sinode vir Agenda, Korrespondensie en Programmering voor die aanvang van die Sinode, ná deeglike besinning, die breë inhoud van die Agenda in 'n amptelike verklaring aan die openbare media bekend sal stel.

1.2 Dat hierdie genoemde verklaring geen detail sal bevat wat enersyds enige moontlike saak op tafel van die Sinode kan pre-judiseer, of andersyds die kerk in geheel of vergaderings of lidmate van die kerk mag etiketteer of tot sensasionele beriggewing in die openbare media aanleiding kan gee nie.

1.3 Dat tydens die sitting van die Sinode die Ondervoorsitter, bygestaan deur 'n Kommissie vir openbare media, na oorlegpleging met die vergadering, op daaglikse basis indien nodig die openbare media sal ontmoet om amptelike verklarings aan hulle uit te reik (hetsy onderling of gedruk) en vrae te antwoord.

1.4 Dat gevolglik nie verder voortgegaan sal word met die praktyk van verslaggewing wat gebaseer is op persoonlike waarneming deur die openbare media tydens vergaderings nie, aangesien dit nie die verantwoordelikheid van die vergadering soos vervat in KO, art 30 verantwoordbaar verdiskonteer nie.

2. Motivering

2.1 Sinode 1976 beklemtoon met nadruk dat dit die kerk se verantwoordelikheid is om toe te sien én te sorg dat berigte wat uitgaan ooreenkomstig Skrif, Belydenis en Kerkorde geweeg en korrek moet wees.

2.2 Kerklike vergaderings moet alleen *kerklike sake* en dit op *kerklike wyse* behandel (KO, art 30). Hierdie bepaling van die Kerkorde is fundamenteel vir die ordelike toegang van die openbare media tot die inhoudelike van meerdere vergaderings.

2.3 As vertrekpunt gegrond op KO, art 30 is die volgende van uiterste belang: "'n Kerklike vergadering verskil radikaal van enige ander soort vergadering. Selfs sy prosedure het 'n eie karakter. In 'n kerkvergadering gaan dit om die heerskappy van Christus in sy kerk. Die vergadering het geen gesag of mag buite die Woord van God om nie. Die kerklike wyse kom dus primêr en wesentlik na vore wanneer die Woord van God, die Belydenis en die aanvaarde Kerkorde in die beraadslaging en besluite spreek" (Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika, Kruger ea, 1966:185 art).

2.4 Hieruit is duidelik dat oor elke kerklike saak op die tafel van 'n kerklike vergadering in die eerste plek die Woord van God, die Belydenis en die aanvaarde Kerkorde moet spreek. Dit is nie sake wat aan enige moontlike bespiegeling, sensasie-soeke of selfs aanwakker van histerie deur enige party, hetsy openbare media of openbare mening of wie ook al, onderwerp mag word nie. Hieroor is Bouwman ook baie duidelik: "De wijse van behandeling der kerkelijke zaken moet

kerkelijk zijn, d.w.z. zij moet zijn naar de regelen, die in het kerkelijke leven gelden, binnen de grenzen der kerkelijke macht en met geen anere dan kerkelijke middelen" (Gereformeerde Kerkrecht, volume 2, p32).

2.5 Spoelstra is ook hieroor duidelik: "Die manier waarop 'n kerklike vergadering 'n saak behandel moet by die voorskrifte van die Hoof van die kerk, Christus, pas (1 Pet 5:2-4; Matt 23:10,11 ens). (Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering, 1989:184, art 5). Daarom dat hy ook duidelik maan teen enige moontlikheid van manipulasie, partyvorming, dwang stroomrollertaktiek, propaganda om daardeur eie standpunt binne 'n kerklike vergadering te laat geld. Hierdie waarskuwing is sekerlik ook tot dieselfde mate toepaslik vir dit wat "buite" die kerklike vergadering aanleiding tot hierdie genoemde sake kan gee en dit oa deur bespiegeling, verdagmakery, etikettering en die soeke na sensasie in en deur die openbare media.

2.6 'n Verdere saak hier van belang is dat in die kerklike vergaderings persoonlike meninge nie van belang is nie. Daarom word beraadslaging en name van persone met hulle menings nie in die Notule opgeneem nie (Dr J Visser, Kerkorde in Praktyk, p155). So sê die Here Here onder leiding van die Heilige Gees is hier van belang en word dan in genotuleerde besluite weergegee en nie die siening van een of ander persoon in die vergadering nie. Daarom moet die Nasionale Sinode die moontlike voorkoms van hierdie praktyk buite sy vergadering voorkom deur nie toe te laat dat beraadslaging en of menings van persone geopper binne die vergadering aan die openbare media bekend sal wees nie.

Besluit:

'n Ordevoorstel word aanvaar dat die besluit ten opsigte van die Beskrywingspunt van Noordwes hierdie Beskrywingspunt ondervang. Die besluit lui soos volg

Die Sinode gee op die volgende wyse gevolg aan die Beskrywingspunt:
Die Nasionale Sinode word daarop gewys dat die vergadering nie net in camera mag gaan wanneer oor persone gehandel word nie, maar ook in afsonderlike gevalle op spesiale versoek wanneer oor hoogs sensitiewe sake gehandel word.